# KINDERKERK LES: Woord Studie – Geloof

**Doel van les:**

Ons gesels hierdie kwartaal bietjie oor moeilike woorde wat in die Bybel voorkom.

**Nuwe Testament Bybelboek bewegings:**

- **Matteus** – Albei hande bokant jou kop in 'n kroon en laat jou hande afsak asof jy die kroon op jou kop sit. (Koningskap van Jesus - God het finaal kom wys wie die Koning van die konings en die Heer van die Here is.)
- **Markus** – Arms af, hande gevou voor jou en kop gebuig. (Beklemtoon Jesus as DIENSKNEG van God.)
- **Lukas** – Hou al tien vingers op, maak hulle toe en weer oop – tien uit tien - (Jesus is die perfekte mens, die Seun van die Mens.)
- **Johannes –** Maak asof jy 'n baba wieg en wys dan op na die hemel. (Jesus is die Seun van God. Beklemtoon Jesus se goddelikheid. Hy is ten volle God.)
- **Handelinge –** Gebruik jou regterhand se wysvinger en middelvinger om op en af jou linkerarm te loop. (Vestiging van die kerk. Evangelie van Jesus na die uithoeke van die wêreld versprei is.)
- **Romeine –** Wys thumbs up. (Paid in full. Beklemtoon dat Jesus die gelowiges se straf ten volle betaal het. Gelowiges in die regte verhouding met God geplaas het.)
- **1 Korinthiërs** – Wys 'n 1 met jou wysvinger en slaan dan met jou regterhand jou linkerhand asof jy pak gee. (Kerngedagte: Spanking the saints. Paulus skryf aan die gemeente om vele verkeerdhede reg te stel waarmee die gemeente sukkel.)
- **2 Korinthiërs** – Wys 'n 2 met jou wysvinger en middelvinger en slaan dan met jou regterhand jou linkerhand asof jy pak gee. (Kerngedagte: Anatomy of an apostle
  Paulus skryf aan die gemeente om vele verkeerdhede reg te stel waarmee die gemeente sukkel. Paulus beskerm sy apostoliese gesag teen dwaalleraars.)
- **Galasiërs – Hou jou twee wysvingers oor mekaar in 'n x en skud jou kop nee.** (Paulus waarsku die Galasiërs om nie ekstra goed by te voeg by Jesus se verlossingsdaad nie. Jesus het gelowiges verlos uit die boeie van godsdienstigheid en wettisisme. Vrygemaak van die leuen dat jy jouself kan red)

**Illustrasie:**

Neem 'n groot geskenksak en plaas dit op 'n tafel. Sit voor die tyd 'n pakkie koekies daarin.

**Sê:** Ek wil begin met 'n raai raai speletjie. Wat dink julle het ek in hierdie sak? (Laat die kinders raai)

Wie dink dit kan dalk 'n hondjie wees? Of wat van 'n kussing? Hoekom nie? Wat van 'n boek of blomme? Was as ek vir julle gesê het dis 'n pak koekies? Sal julle my glo? (Gee kans vir die kinders om te antwoord.)

Hoe sal julle seker kan wees? Wel ek dink ek kan julle wys. Kom ek haal die koekies uit. (Haal die koekies uit die sak.)

Goed hier is hulle. Julle kan dit sien. Dit lyk soos koekies, né? Julle kan daaraan vat as julle wil. (Maak die pakkie oop en deel die koekies uit.) Voel dit soos 'n koekie? Julle kan dit ruik. Ruik dit soos 'n koekie. Nou kan julle dit eet en uitvind of dit proe soos 'n koekie. (Laat die kinders die koekies eet.)

**Sê:** Maar wat as ek dit nie uit die sak gehaal het nie? Julle sou my moes glo en vertrou dat dit 'n pakkie koekies was wat binne-in die sak was, al kon julle dit nie sien nie. Julle sou geloof moes hê dat wat ek julle vertel die waarheid is. Geloof is die volgende woordjie wat ons vandag van gaan leer. Wie weet wat geloof is?

Geloof is om te weet God is daar al kan jy Hom nie sien nie. Dis om te weet God gaan Sy beloftes hou/Hy gaan doen soos Hy gesê het. Al sien ons dit nie nou nie is ons seker dit gaan gebeur.

Kan ons God sien? Nee, maar ons kan sien wat Hy al gedoen het, soos die aarde wat Hy gemaak het met die pragtige bome en diere. Elke dag kom die son op en in die nag is die maan en sterre daar op die regte tyd.

Die Bybel praat nogals baie van geloof en daar was mense in die Bybel wat geloof moes hê. Kom ons praat vanoggend oor net een van daardie mense.

**God is lief vir Noag**

Lank gelede was daar 'n man en sy naam was Noag. Hy het God baie liefgehad. En hy het altyd gedoen wat God vir hom gesê het.

Op 'n dag sê God vir Noag: "Die mense doen verkeerde dinge. Hulle het my nie lief nie. Ek gaan die aarde verwoes. Ek gaan baie reën stuur. Daar gaan 'n vloed wees. Die slegte mense sal almal vedrink. Maar Ek sal vir jou sorg. Ek wil hê jy moet 'n groot skip, 'n ark bou."

**Sê:** Maatjies, julle moet weet dat dit wat God gesê het baie snaaks vir Noag moes klink. Daardie tyd was daar nog nie iets soos reën nie. Niemand het nog ooit so iets gesien nie. Nou moes Noag 'n groot ark bou vir al die reën wat sou val. Ek wonder wat hy gedoen het? Dink julle hy het geloof gehad dat God dit sou doen? Kom ons luister verder.

God sê vir Noag presies hoe hy die skip moet bou. Dit moes baie groot wees. Daar moes ook plek vir diere wees. Die mense lag en spot en sê: "Kyk daardie groot skip en hier is nie eens water nie. Noag se ou skip ry op droë grond!" Dink julle hulle het in God geglo?

Noag sê: "Julle moenie spot nie. God is baie kwaad. Hy het gesê Hy gaan die aarde verwoes en julle gaan almal vedrink."

Maar hulle lag. "Ons glo dit tog nie. Ons wil nie eens in die ou ark klim nie."

Noag bly gehoorsaam en doen wat God wil hê. Elke dag kap en timmer hy. Eindelik is die ark klaar.

Toe sê God: "Noag, klim in die ark. Neem jou vrou, jou drie seuns en hulle vrouens saam. Neem genoeg kos. Neem ook diere saam. Twee van al die onrein diere en sewe pare van die rein diere. 'n Mannetjie en 'n wyfie.

**Speletjie: Kry die diere in die ark:** Deel die kinders in twee groepe op. Die groepe moet dan in rye staan. Gee vir elke kind 'n opgeblaasde ballon. Dit is hulle dier wat hulle in die ark moet kry. Gee vir die voorste kinders van elke ry 'n besem of stok waarmee hulle die ballon moet slaan oor 'n streep aan die anderkant van die vertrek. Sodra die ballon oor die streep is, moet die kind terugkom na die groep en die besem aangee vir die volgende kind in die ry. Die speletjie gaan so aan tot al die "diere" in die "ark" is.

Toe al die diere en die voëls in die ark is, klim Noag en sy vrou en hulle kinders in. God sluit self die ark se deur. Toe begin dit reën. Dit reën en reën. Die water gaan oor die huise se dakke en oor die berge. Al die slegte mense verdrink. Maar Noag en sy gesin en die diere is veilig. Die ark dryf soos 'n groot skip op die water. Noag weet hulle sal weer eendag op die aarde woon. God sal vir hulle sorg. Noag glo in God.

Verhaal geneem uit Ons eie kleuterbybel, bl10-11, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

Sjoe maatjies, Noag het darem maar in God geglo. Ons het netnou gepraat oor hoe daar in Noag se tyd nog nooit 'n druppel reën geval het nie. Niemand het in die aand die televisie aangesit om te kyk of hulle 'n sambreel of reënjas die volgende dag sou nodig hê nie. Eerstens was daar nog nie televisie nie en tweedens was daar nie sambrele nie, want daar was nog nooit reën nie. Maar omdat Noag geloof in God gehad het, het hy gedoen wat God gesê het, al het hy nog nooit reën gesien nie.

God het nie grappies gemaak oor die reën en die vloed nie. Die reën het gekom en Noag en sy familie was gereed omdat hulle geloof gehad het.

Net soos Noag, wil God hê dat ons ook in Hom moet glo en die dinge wat Hy vir ons sê. Al klink iets baie snaaks, soos om 'n groot boot te bou, as God vir ons sê om iets te doen moet ons dit doen.

Groepe sluit af met gebed.